Middelburg Erfenis Webwerfinligting Erfenisbordjie No 01/25

OREGON PLACE EN DIE GERT MINNAAR-FAMILIE

GPS:24°45’47.08”S 29°26’52.36”O

Marileen Minnaar 2025

DIE GERT MINNAAR FAMILIE EN *OREGON PLACE* IN MIDDELBURG

Gert Minnaar was die tweede eienaar van *Oregon Place* – soos dit vandag bekend staan – en dit was in sy besit van die 1940s tot sy afsterwe op 3 April 1980.

Hy is op 4 November 1886 gebore en Gerhard Wachtendonk Minnaar gedoop. Die vreemde tweede naam, wat met die jare ‘n familienaam geword, het kom sedert die 1880s. Dit was ‘n vernoeming van Gerhard Wactendonk, ‘n Duitse sendeling, wat oorlede is slegs 14 dae nadat hy met ‘n Haumann (Gert se familie aan moederskant) getroud is.

HERKOMS

Die Mesnards (uitspraak *Mênar*) in Frankryk was ‘n relatiewe klein groep en diegene wat hulle in Suid-Afrika gevestig het, is vandag nog net so min. Ten spyte van baie groot gesinne en as gevolg van ontberinge, is baie jonk of sonder enige nasate oorlede.

Die Minnaars (so ver-Hollands) was van die eerste families wat hulle in Middelburg gevestig het. Gert se twee seuns het nie seuns gehad om die van Minnaar - uit sy familie - voort te dra nie. Geen van die kleindogters het hulle in die dorp gevestig nie. Dus die einde van ‘n era vir hierdie familie uit die Hugenote van die 17de eeu.

Die Suid-Afrikaanse stigtersgesin was Jean Mesnard en Louise Courbonne, onderskeidelik gebore in 1659 en 1657 in Provence, Frankryk.

Tydens die vervolging van die Protestante deur Louis XIV het die gesin ‘n lang vlugtog deur onder meer Switserland en Duitsland, aangepak. Op 20 Maart 1688 het die egpaar met ses kinders en Louise se moeder in Rotterdam saam met ander Hugenote vlugtelinge aan boord die Berg China gegaan. Hulle het op 4 Augustus 1688 – na 137 dae onder haglike omstandighede en die afsterwe van Louise se moeder tydens die seevaart – in Tafelbaai aan wal gestap.



FIGURE 1:KLIP-GEDENKSTEEN VAN BERG CHINA OP MUUR VAN GEBOU TE 20 BUITEN BROUWERSTRAAT, AMSTERDAM

Die gesin het in die Paarl-omgewing gevestig, maar beloofde grondoordragte het gesloer. Toe Jean in 1692 oorlede is, was eiendom nog nie aan hom oorgedra nie. En binne vier jaar na hulle aankoms was Jean, sy vrou en al die kinders - buiten een 11-jarige seun Philippe – almal dood.

Phillippe (2de generasie) het waarskynlik by voogde grootgeword. Hy is in 1712 met Jeanne Mouy getroud en hulle het agt kinders gehad. Die afstammelinge het rondom Drakenstein en Stellenbosch gewoon en later in besit van die geskiedkundige plaas De Goede Hoop (Paarl) gekom. Hulle was die eerste mense wat proefnemings met die kweek van olyfbome gedoen het en olyfboerdery in'n suksesvolle bedryf ontwikkel het.



FIGURE 2 :DIE PLAAS DE GOEDE HOOP (NOU DE HOOP IN HOOFSTRAAT, PAARL) IS IN 1783 AAN IZAAK MESNARD TOEGEKEN EN WAS TOT LAAT IN DIE 1950S IN MINNAAR-BESIT

FIGURE 3: FAMILIEWAPEN MINNAAR-FAMILIE

Die Suid-Afrikaanse Minnaars gebruik sedert ongeveer 1940 dieselfde familiewapen as die Franse Mesnards, nl drie goue arendpote op 'n blou agtergrond. Die van Mesnard, verwys na 'huisbewoner, huisbestuurder,' inwoner, huisgenoot, klein huis en woning.

Vestiging in Middelburg

Die stamvader van die Minnaars wat hulle in Middelburg gevestig het was Jean (genoem Jan) - een van Philippe en Jeanne se seuns – en dus 'n derde generasie Minnaar in Suid-Afrika. Hy is in 1715 gebore, in 1752 met Anna Catharina Nieuwoudt getroud en hulle het 10 kinders gehad.

FIGURE 4: JAN DANIËL EN HESTER BEATRIX MINNAAR WAT DIE MINNAARS IN MIDDELBURG GEVESTIG HET *(FOTO 1918)*

Meer as ‘n eeu later - 21 Mei 1884 - bevind die sesde generasie gesin van Jan Daniël Minnaar (gebore 29 April 1838) van Paarl en Hester Beatrix Haumann (gebore 30 September 1843) hulle op Mooiplaas op die Loskopdampad buite Middelburg - nadat hulle ‘n paar keer tussen Paarl en die Vrystaat getrek het.

Nege kinders het klaarblyklik die reis van 660 km van die Vrystaat met muilwaens meegemaak. Hulle was Hester Beatrix (Vercuiel), Isaac Pieter, Magdalena Elizabeth, Johannes Haumann, Jan Daniël, Pieter Eduard, Philippus Johannes, Margaretha Louisa (Sandelin) en Sophia Margaretha (König). Die 10de, Daniël Taillefer en 11de, Gerhard Wachtendonk is op die plaas gebore.

FIGURE 5: JAN DANIËL MINNAAR EN GESIN. VLNR. AGTER: GERHARD WACHTENDONK, MAGDALENA ELIZABETH, PIETER EDUARD. SOPHIA MARGARETHA, ISAAC PIETER, MARGARETHA LOUISA EN JOHANNES HAUMANN. VLNR. VOOR: JAN DANIËL MINNAAR (JR), HESTER BEATRIX (JR), JAN DANIËL (SR), HESTER BEATRIX (SR) EN PHILIPPUS JOHANNES. AFWESIG: DANIËL TAILLEFER

Jan Daniël het ook ‘n dogter, Anna Charlotta (gebore 1862) uit ‘n eerste huwelik gehad. Haar moeder is oorlede toe sy slegs ses dae oud was. Dit blyk dat sy nie die tog na die Transvaal meegemaak het nie. Sy was ongetroud en is in 1945 in die Paarl oorlede.

Om die kinders nader aan ‘n skool te bring, verhuis die gesin c1888 na die dorp. Middelburg was toe nog ‘n baie klein dorpie want die eerste erwe is eers op 11 Maart 1867 verkoop. Jan Daniël, met sy huis op die hoek van Voortrekker- en Kerkstrate, was een van die eerste 17 inwoners.

FIGURE 6: DIE GEBOU IN KERKSTRAAT, MIDDELBURG WAAR JAN DANIËL MINNAAR (SR) SE SLAGHUIS EN BAKKERY WAS (C1930)

Hulle het ook in Kerkstraat (direk agter die ou Minnaar Handel in Markstraat) gewoon, vanwaar Jan Daniël tot 1900 'n slaghuis en bakkery bedryf het. Die besighede moes sluit toe hy, sy vrou, Gert en die res van die familie tydens die Anglo-Boereoorlog na Merebank konsentrasiekamp in Natal gestuur is. Die ander ses seuns het by die Boeremagte aangesluit.

Drie van die Minnaar-manne Danie (Jan Daniël), Isaac, Flip (Philippus) en hulle swaer Jan Vercuiel, is saam met die Middelburgse Kommando op die plaas Nooitgedacht buite Stoffberg gevange geneem. Piet (Pieter Eduard) het weggekom en na die Loskopdamklowe gevlug.

Die gevangenes is gevisenteer, hulle besittings is weggeneem (elkeen kon £10 hou), hulle is aanmekaar vasgebind en in oop treintrokke na Durban vervoer. Vandaar is hulle na Bhimtal-kamp in Indië gestuur. Die geliefde en bekende ds AP Burger was ook een van die gevangenes.

Figure 7: Middelburgers as krygsgevangenes te Bhimtal, Indië in 1902.
Vlnr agter:John Croese, Danie Minnaar, Jan F Vercuiel, ds A P Burger en Isaac Minnaar.
Voor: Philip Minnaar, Jan Schabort, P W de Villiers en Koos Schabort

Na die sluiting van Vereeniging kon burgers wat self hulle passaat kon betaal en die eed van getrouheid onderteken het met ‘n vroeë skip na Suid-Afrika terugkeer.

Die Jan Daniël Minnaar-kinders in Middelburg

- Hester Beatrix (1864-1953) se plaashuis is tydens die oorlog afgebrand. Haar man, Jan Vercuiel was ‘n Boerekommandant en is in 1911 deur ‘n weerligstraal doodgeslaan. As onderwyseres het sy daarna self vir hulle sewe kinders gesorg.
- Isaac Pieter (1865-1943) was ‘senior’ lid van Middelburg Kommando. Hy was ‘n krygsgevangene in Indië. Hy was stigter van die algemene handelsbesigheid, Minnaar Broers en het glo baie mense se slegte skuld - veral tydens die Depressiejare - afgeskryf. Die winkel was ‘n gewilde kuier- en afsaalplek vir boere en was waar die Telkom-gebou op die hoek van Mark-en Langstrate *(nuwe name?)* vandag is.
- Magdalena Elizabeth (1867-1929) was nie getroud.
- Johannes Hauman (1870-1950) was tydens die oorlog in die onbenydenswaardige posisie van verdeelde lojaliteit aangesien hy met ‘n Engelse meisie getroud was. Hy was aan Boerekant gebind en moes deurentyd baie diplomaties optree. Johannes was ook eienaar van Minnaar Broers.
- Jan Daniël Jr(1872-1955) was ‘n krygsgevangene in Indië. Hy het waarskynlik die eerste afslaerbesigheid in die dorp bedryf en was ook burgemeester en LPR vir Middelburg.
- Pieter Eduard (1874-1960) was veldkornet en kommandant in die Middelburg Kommando en het as Bittereinder geëindig. Hy was ‘n medestigter van Minnaar Broers.
- Philippus Johannes (1876-1966) is deur Pres. Kruger as klerk van poswese aangestel en tydens die onluste (1895/96} ook om werwingswerk te doen en voorrade op te kommandeer. Na sy terugkeer uit Indië het hy verskeie plase gehuur en in 1907 die plaas Bankfontein vir £600 gekoop.
- Margaretha Louisa (1879-1962). Was getroud met Karl Sandelin van Karlstad, Swede. Hy was ook ‘n oudstryder en boer.

- Sophia Margaretha (1881-datum van afsterwe onbekend) was getroud met ‘n prokureur Julius Heinrich König.
- Daniël Taillefer (1884-1960) was 15 jaar oud toe hy by die Middelburg Kommando aangesluit het en saam met sy broers as krygsgevangene na Indië gestuur is. Hy het later ‘n vooruitstrewende boerdery in Ottosdal gehad.
- Gerhard Wachtendonk (1886-1980) sou sy matriekeksamen aflê voordat hy saam met sy ouers na Merebank-konsentrasiekamp gestuur is. Hy was ook ‘n burgemeester en toonaangewende sakeman in Middelburg.

FIGURE 8: DIE DRIE STIGTERSLEDE VAN MINNAAR BROERS, JOHANNES HAUMAN,ISAAC PIETER EN PIETER EDUARD VOOR HULLE WINKEL IN MARKSTRAAT WAAR DIE TELKOM-GEBOU VANDAG IS. DIE GEBOU WAT LINKS AGTER WYS IS WAARSKYNLIK WAAR ‘N ANDER BROER JAN DANIËL, SY AFSLAERBESIGHEID GEHAD HET

GERT MINNAAR

FIGURE 9: GERT AS JONG MAN EN IN DIE 1970S TOE HY AS OOM GERTJIE AANGESPREEK IS

Gesin

Gerhard Wachtendonk (Gert) Minnaar is in 1914 met Hester Petronella (Pieta) Henning (gebore 1892) van Cradock getroud. Hy het Pieta by haar suster wat met sy broer Philippus (Flip) getroud was, ontmoet. Hulle het twee seuns Jan Krige en Pieter Henning gehad. Sy is na ‘n kort siekbed (komplikasies a.g.v. ‘n gebarste blindederm) in 1929 oorlede toe Henning skaars twee jaar oud was. In 1931 is Gert met Johanna Susara du Plessis (Sarie) van Steynsburg getroud en hulle het een dogter Noëline gehad. Sarie is in 1961 oorlede. Gert was in sy jonger jare baie lief vir tennis en beide eggenotes was ook ywerige tennisspelers.



FIGURE 10: PIETA EN GERT MINNAAR SAAM MET HULLE SEUNS HENNING EN KRIGE

FIGURE 11: GERT EN SARIE MINNAAR MET KINDERS NOËLINE (MIDDEL VOOR)EN HENNING EN KRIGE (AGTER)

Kinders van Gert Minnaar

- Jan Krige (1918-2007) is in 1945 met Anna Maria (Anne) Buhlman (1915-1981) van Paarl getroud. Hulle het een dogter Carol Petra (gebore 1946) gehad. Carol woon in Rheebok WK, en is met Dave Eden getroud. Hulle het drie kinders André, Celesté en Yvette.

FIGURE 12: ANN EN KRIGE MINNAAR KORT NA HULLE HUWELIK IN 1945 IN DIE TUIN VAN OREGON PLACE

- Pieter Henning (1927-1996) is in 1953 met Catharina Maria (Kate) Bouwer (1927-2009) van Arnot getroud. Dit is interessant dat hulle albei op dieselfde dag in die Witkerk gedoop is en saam hoofseun en hoofdogter van Middelburg Hoërskool was. Hulle is ook op dieselfde dag – 2 Desember – oorlede. Hulle het drie dogters gehad:
    - Marileen (gebore 1954) is met Tinus (MJH) van Wyk getroud en hulle het twee seuns, Robert en Werner. Hulle woon in Pretoria.
    - Petro (gebore 1959) is in 2023 oorlede en was met Chris Becker getroud. Sy het ‘n dogter, Liane uit ‘n vorige huwelik met Johan de Lange. Petro het in Pretoria gewoon.
    - Yolandé (gebore 1962) - ook ‘n MHS-hoofdogter - is met Johan Smit getroud. Hulle het drie seuns Quin, Cornel en Karl en woon in Melkbosstrand.
- Noëline (gebore 1936 - ♱) is in 1964 met Henri Gustav Boshoff getroud. Hulle het in Kalifornië gewoon en het drie kinders Nicola, Najoré en Fenella gehad.

FIGURE 13: HENNING EN KATE MINNAAR OP HULLE TROUDAG IN 1952

FIGURE 14: DIE GERT MINNAAR FAMILIE IN 1956.
VLNR VOOR: GERT, SARIE EN CAROL (DOGTER VAN KRIGE EN ANN).
AGTER: KATE, MARILEEN EN HENNING MINNAAR (SEUN), NOËLINE (DOGTER VAN GERT EN SARIE), ANN EN KRIGE MINNAAR (SEUN).

Gert is in 1963 vir ‘n derde keer getroud - met Agatha Jacqueline (Abbey) Oosthuizen (gebore 1904). Abbey is in 1982 – twee jaar na Gert – oorlede.

Loopbaan

Gert se loopbaan as sakeman in Middelburg het in 1903 begin toe hy as 16-jarige by die Middelburgse Eksekuteurskamer en Voogdymaatskappy onder die bestuur van Dirk van Woudenburg begin werk het. Na net meer as ses jaar het hy ‘n betrekking as Sekretaris van die pasgestigte Middelburgse Landbou Koöperatiewe Vereniging aanvaar. Om sy inkomste aan te vul het hy onder meer boekhouwerk vir ander besighede gedoen.

Teen 1919 was hy in ‘n posisie om sy eie besigheid as Algemene Agent en Vendusie-afslaer te begin. Intussen het hy tyd ingeruim om as eresekretaris op te tree vir die eerste beheerliggaam van Middelburg Hoërskool, die nuwe hospitaal na die griepepidemie, asook kommissies van ondersoek na die oprigting van graansuiers en die verlenging van die spoorlyn. Na die oprigting van die Hospitaal in 1920 was hy vir ‘n jaar lank die eerste permanente sekretaris.

In 1929 tree Gert in vennootskap met die algemene handelaar en boukontrakteur Peter Robertson. In 1944 tree Robertson uit en word Gert alleeneienaar van die besigheid wat hy verder as algemene handelaar en verskaffer van boumateriaal bedryf. Dit was waarskynlik in hierdie stadium dat hy Oregon Place bekom het – ‘n huis wat Robertson vir homself gebou het. Met die toetrede van Gert se seuns, Krige in 1948 en Henning in 1951 as mede-eienaars, word die besigheid se naam na G W Minnaar & Seuns verander.

FIGURE 15: VOORAANSIG VAN G W MINNAAR & SEUNS IN MARKSTRAAT MIDDELBURG MET GEWEL UIT 1905

FIGURE 16 NUWE VOORAANSIG VAN G W MINNAAR & SEUNS, WAARNA DIT AS MINNAAR HANDEL BEKEND GESTAAN HET

Sedert 1969 het die besigheid as Minnaar Handel bekend gestaan en alles – van die kleinste skroefie tot verf, boumateriaal, huisware, gas en wapens – verkoop. Dit wat nie in die winkel was nie – soos teëls en matte – is uit Johannesburg of Pretoria bestel en per trein aangestuur. Kate (Henning se vrou) het graag vertel dat items wat 'sonder sig' bestel is en mense nie van gehou het nie, soms in haar huis beland het omdat dit nie teruggestuur kon word nie. Aan die begin is die goedere van die stasie na die winkel deur 'n wa en die perd Rosy, vervoer. Aflewerings is ook so by huise gedoen. 'n Afleweringsbakkie is eers heelwat later aangeskaf.

Daar is nog ‘n paar mense wat die fassinerende “foefie slide” geldkarretjie onthou wat van agter (boumateriale) na die kassiere voor gestuur is vir kleingeld. Ongelukkig weet niemand wat daarvan geword het toe die besigheid as bedryf in 1996 verkoop is nie - geen foto’s kon ook opgespoor word nie.

Gert het in 1975 op 89-jarige ouderdom ‘amptelik’ uit die besigheid getree, maar steeds ‘n ywerige belangstelling in die doen en late van sy twee opvolgerseuns getoon. As eienaars van Minnaar Handel het Krige en Henning twee meenthuisblokke in Voortrekkerstraat (nou Bhimy Damane) ontwikkel: *Mesnard* tussen Gert en Henning se huise en *Raannim* (Minnaar omgekeer) langs Henning se huis.

Bydrae tot die gemeenskap

NG Kerk (Witkerk)

Die Minnaars se verbintenis met die NG Kerk (Witkerk) dateer terug tot die 1890s. Gert se vader Jan Daniël (sr) was onder meer koster en diaken van die kerk. As jong seun moes Gert en van sy broers help met die uitvee en afstof van die gebou en die lui van die kerkklok vir dienste. Die orrel het met ‘n blaasbalk gewerk wat op-en-af gepomp moes word. Gert en Danie is daarvoor tien sjielings per maand betaal. In die 1950s was Gert ook skriba/kassier en diaken.

Teen 1940 het Henning, Gert se seun, die kerkhorlosie wat bo in die toring was, begin opwen. Later het Gert die horlosie laat elektrifiseer en laat regmaak wanneer herstelwerk nodig was. Henning het egter gereeld die traplere in die toring aangedurf om die horlosie in stand te hou (ratte gediens, afgestof en geolie). Sy dogters Petro en Yolandé, het dit as ‘n groot avontuur beskou en saamgegaan wanneer hulle kon.



FIGURE 17: HENNING EN KRIGE MINNAAR BY DIE’MASJINERIE VAN DIE WITKERKHORLOSIE

Met die restorasie van die Kerk in die 1989, was die horlosie weer stukkend en het Gert se twee seuns Henning en Krige, dit laat herstel en onderneem om in stand te hou.

Afrikaanse Sakekamer en Burgemeester

FIGURE 18 GERT MINNAAR BY 'N OPENINGS-LINTKNIPGELEENTHEID TYDENS SY BURGEMEESTERSKAP (1935-1937)

Gert Minnaar was een van die stigterslede en die eerste voorsitter van die Middelburgse Afrikaanse Sakekamer op 29 April 1955. Hy was burgemeester van die dorp van 1935-1937.

OREGON PLACE

Daar is baie min tot geen inligting in familiedokumente oor Oregon Place op die hoek van *Coetzee (nou John Magagula)*- en Voortrekkerstrate (voorheen Middel en tans Bhimy Damane). *NOTA DEUR MARILEEN: Ek het dit maar net as Oupa se huis geken. Ek weet byvoorbeeld nie of dit deel van die besigheid was wat Gert van Pieter Robertson oorgeneem het en of hy dit in 'n ander stadium gekoop het nie. Die inligting op die Oregon-webblad dat hy die eerste eienaar was, is nie hoe ons as kinders dit verstaan het nie. Ek het ook nooit gehoor dat dit die eerste huis met 'n teëldak in die dorp was nie, aldus die Orgon Place webblad.*

FIGURE 19: HENNING MINNAAR SE MORRIS MINOR (C1952) VOOR SY PA SE HUIS



FIGURE 20: OREGON PLACE AS GASTEHUIS (FOTO ERKENNING: OREGON PLACE)

Gert se kleindogters onthou

Marileen: Ek onthou dat Oupa Gert baie lief was vir sy blom- en groentetuine en het veral die groot visdam van sement voor in die hoek fassinerend gevind. Die druiweprieël met katobadruiwe aan die kant van die huis was net so mooi.

Die huis self was vir my as kind oorweldigend groot en die meubels donker en swaar. Ek glo dit was nie my Oupa se smaak nie, want hy was ongelooflik beskeie en het daarvan gehou om eenvoudig te leef. Sy studeerkamer (aanvanklik eetkamer) – direk uit die stoep waar ons meesal gekuier het - was vir my mooi en die baie huislik. Oupa was welbelese – daarvan getuig van die vele boeke oor die wêreld- en Suid-Afrikaanse geskiedenis wat tans in my en Carol se besit is.

Buite aan die agterkant van die huis was daar heelwat buitegeboue (dit nou as gastekamers gebruik). Een van die kamers was 'n stoor-/werkkamer en die ander een was Noëline se speelkamer. Ek mag nie daar gekom het nie, maar na sy gegradueer en uit die huis is, het ek haar miniatuur huismeubeltjies gekry. Dit was so mooi, maar ongelukkig het ek dit nie bewaar nie.

Die res van die geboue was 'n kolekamer, stalle vir 'n bees of meer en waarskynlik ook kamers vir huis- en tuinwerkers. Feitlik almal (ook my ouers) het in daardie dae - waarskynlik nog teen 1958 – koeie vir eie melk aangehou. Hulle is na weiplek buite die ou Begraafplaas aangejaag en het namiddag meesal self teruggekom.

Dit roep die 'diefstal' van die weidende vee tydens die Anglo-Boereoorlog op. Volgens Oupa Gert het van die Boere onder Henri Slegtkamp en Jack Hindon helder oordag al die koeie (van die Engelse en inwoners) buitgemaak.

Gert se Pa Jan Daniël (Sr) is gevra om te bemiddel. Met 'n vrypas en wit vlag is hy na die Boere en dit was 'n welkome herontmoeting. Hy moes egter nogal sukkel om hulle te oortuig om ook die Engelse se koeie terug te gee, aangesien dit hom in 'n moeilike posisie sou plaas by die militêre owerhede met sy seuns in die Kommando. Die uiteinde was gelukkig ten goede, alhoewel Jan en die res van sy familie tog na Merebank-kamp gestuur is.

Yolandé: Dis te verstane dat Oupa Gert baie graag 'n kleinseun wou hê. Hy het ons kinders se wiegie voor Marileen se geboorte gekoop en dit was toe blou. Voor Petro se geboorte het my ma dit geel geverf en teen die tyd dat ek gearriveer het was die wiegie wit! Dit word vertel dat Oupa Gert so teleurgesteld was dat die vierde kleinkind weer 'n meisie was dat hy in sy motor geklim het en in Durban gaan vakansie hou het.

Van die Minnaar-oumas onthou ek net vir Ouma Abbey. Ek het heelwat tyd by hulle deurgebring - veral vakansietye wanneer haar twee kleindogters – Laurice en Natalie - kom kuier het en het dan in die linker agterste kamer oorgeslaap. Ek het ook baie tyd saam met Ouma Abbey in die kamer agter buite - wat nou haar naaldwerkkamer was - en die kombuis spandeer. As kind het ek die huis as reusagtig met hemelhoë pragtige plafonne ervaar. Oupa het baie tyd op die stoep deurgebring en ook later jare sy bed in die binnehof tussen die plante geskuif. Hier was hy op sy gelukkigste, behalwe natuurlik as hy by die Loskopdamplaas (wat hy van Ouma Abbey gekoop het) was. Hy het daagliks op sy oefenfiets gery (dit was sekerlik een van die eerstes). Hy en Ouma Abbey het ook saam rolbal gespeel. As die familie saamgekuier het was dit meesal op die voorstoep.

Carol: Ek onthou dat Oupa 'n stort in sy binnehof-kamer geïnstalleer het en elke oggend – winter en somer – 'n koue stort geneem het.

As kleinkind uit Ouma Sarie se tyd, onthou ek spesifiek die pragtige rose, papawers en pronkertjies en dat sy – net soos Oupa – baie moeite met die tuin gedoen het. 'n Swaai onder die druiweprieël was vir my ook baie spesiaal. Verder het ek as die'grootmense' gekuier het, graag onder die eetkamertafel gelê en Oupa se

strokiesprentboeke van ‘Gulliver’s Travels’ gelees. En ek kon na die eerste langspeelplaat - van Pat Boone - wat ek vir myself gekoop het op Oupa se platespeler luister.

Voor elke klaviereksamen moes ek na Oupa-hulle se huis gaan om met die metronoom, te oefen om my tyd reg te kry. As ouma Sarie (Maatjie, soos sy ook vir ons bekend was) tevrede was met my uitvoerings, het Noëline vir ons haar stukke op die klavier gespeel. Sy was uitstekend.

Die wiegie waarvan Yolandé vertel, ook ‘n draai in ons huis gemaak. Dit was wit geverf vir ons twee dogters. Daarna Marileen, Petro en Yolandé dit vir hulle kinders gebruik.

Ek onthou ook baie etes aan die groot tafel as ‘n vejaarsdag of ‘n feesdag gevier is. Die tafel was altyd feestelik gedek met ‘n stywe wit tafeldoek en servette. Twee tot drie soorte vleis was daardie dae die gebruik, asook heerlike groente. Moet nie die nagereg vergeet nie. Watter wonderlike, vreugdevolle herinneringe van Oupa se huis - nou Oregon Place.

FIGURE 21OREGON PLACE IS NOG NET SO HERKENBAAR AS IN DIE DAE TOE GERT MINNAARDIT BEWOON HET. VLNR BO: BUITE-AANSIG MET SITKAMERVENSTER, TRAPPIES NA VOORDEUR EN STOEP EN PRAGTIGE LOODGLASVENSTERVOORDEUR. ONDER: DIE SEMENTVISDAM,DRUIWEPRIEËL EN DIE BINNEHOF WAT GERT VIR HOM IN ‘N SLAAPKAMER OMSKEP HET

ERKENNING

Jannie Minnaar



Hierdie oorsig van die Gert Minnaar-familie kan slegs sinvol afgesluit word met erkenning – om vele redes - van Jannie Minnaar (1923-2022). Hy was:

- Die navorser, samesteller en skrywer van die omvattende publikasie *‘n Minnaar (Mesnard) Familieregister,* waaraan hy meer as 52 jaar gewerk het. Hiersonder sou ek nooit in staat gewees het om die herkoms van die Minnaars sedert die 17de eeu sinvol te probeer saamvat nie.
- Vernoem na Jan Daniel Minnaar, die stamvader van die Minnaars wat hulle in 1884 in Middelburg gevestig het en was sy langste oorlewende kleinseun en manlike Minnaar-nasaat in die dorp.
- Dubbelverwant aan sy neefs Krige en Henning, aangesien hulle moeders Pieta en Sannie met die twee broers Flip (Philippus Johannes) en Gert (Gerhard Wactendonk)

getroud was. Mense het dikwels opgemerk hoe baie Jannie en Henning na mekaar gelyk het.

- Tussen sy twee seuns Jean en Philip, het hulle vyf seuns wat die Minnaar-van voortdra.

Jannie was tot in 1961 in die lugopmetingsbedryf waarvoor hy wêreldwyd moes reis. Weens sy vrou Pietie se gesondheidstand, gee hy sy betrekking op, koop die familieplaas (Bankplaas (?) uit en vestig die gesin in Middelburg.

In Middelburg was Jannie onder meer wiskunde- en wetenskaponderwyser by Middelburg Hoërskool, en onderwyser en waarnemende hoof by Middelburg Primary School. Na uittrede het die immer-student op 81-jarige leeftyd 'n twee-jaardiploma in Bybel-en Godsdienskunde met lof geslaag.

Jannie en Pietie (oorlede 1984) het drie kinders gehad:

- Rialette Petronella (gebore 1953) is getroud met Pieter van Eeden en hulle het twee seuns, Petrus Johannes en Jacobus Daniel. Hulle woon in Pietersburg.
- Philip (Philippus Jan) (gebore 1956) is getroud met Yulanda Louwrens en woon in Pretoria. Hulle het vier seuns Jean Jacques, Philip, Cornelie en Francois.
- Jean Daniel woon in die VSA en het 'n seun, Jan Daniël en dogter, Zanette.

Hiermee vaarwel aan 'n formidabele baanbrekersfamilie van Middelburg. Ons eer en salueer hulle vir die waardes van toewyding, deursetting en trots wat oor die jare heen by ons, as Minnaar-nasate ingeprent is.

SAAMGESTEL DEUR MARILEEN MINNAAR (JANUARIE 1925)

BRONNE

1. n Minnaar (Mesnard) Familieregister deur Jan Daniel (Jannie) Minnaar (gebore 1923), enigste seun van Gert Minnaar se broer Philippus Johannes (Flip).
2. Geskrewe terugblikke van Gerhard Wachtendonk (Gert) Minnaar.
3. Foto's uit Minnaar-albums.
4. Koerantknipsels uit die Middelburg Observer (24 Nov. 1961, 13 Junie 1975, 14 Nov. 1975,3 Nov. 1989.
5. Insette deur Marileen, Yolandé en Carol (kleindogters van Gert Minnaar), soos beleef tydens hulle grootwordjare in Middelburg.
6. Geni (https://www.geni.com/projects/China-Huguenot-Ship-to-the-Cape/media/38321) On 20 Outer Brouwers St is a beautiful stone plaque of a ship, with the caption "The Ship China" which was built in 1676 for the Amsterdam chamber of the VOC.